EFESIëRS : Die Liggaam van Christus

AGTERGROND

- Ons leer uit **Hand 20:31** dat Paulus 3 jaar by Efese gebly het en die mense die evangelie van Christus geleer het – die langste wat hy in enige plek gebly het vir lering, daarom was dit 'n gemeente wat gereed sou wees vir so 'n diep lering soos hierdie brief.
- Volgens **Open 2:2** het die inwoners van Efese streng by Paulus se leringe gehou en vals apostels getoets aan sy leringe en hulle verwerp.
- 'n Baie belangrike les vir gelowiges vandag !!

1. Efesiers begin met die ewigheid in die "verlede" en leer ons verder van die ewigheid in die "toekoms".
2. Die konsep van "in Christus Jesus" word 27 maal in Efesiers genoem
3. Ef 1:3-5 word deur baie teoloe gesien as die moeilikste verse in die Bybel.
4. Die Eerste 3 hoofstukke is doktrine – wie ons is in Christus en wat Hy gedoen het
5. Die Laaste 3 is wat ons moet doen in reaksie tot hierdie kennis
6. **Ons erf die heerlikheid deur geloof – ons belê in dit deur ons werke.**

Paulus se gebede in Ef 1: 15-23 & Ef 3:14-21 was rees behandel in Lesing 13 "Gebede van Paulus"

HOOFSTUK 1 – ONS BESITTINGS IN CHRISTUS

Ef 1:3 *Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,*

- Ons seeninge is "in die Hemele" – daar waar "tyd" nie tel nie en dit wat gespreek is deur God, reeds bestaan !! – al ontvang ons dit geleidelik met volwassenheid – dit bestaan reeds !!
- Als is IN CHRISTUS – buite Christus is daar geen seeninge. Selfs nie eers perfekte godsdienstigheid bring seeninge nie !! – IN CHRISTUS

Ef 1:4-5 *soos Hy ons in Hom **uitverkies** het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons **voorbeskik** het om ons as sy kinders .....*

- Ons is gekies voor die grondlegging – baie gebruik hierdie stelling om die "Uitverkiesings leer" te regverdig – wat foutief is.
- God is alwetend, derhalwe beskik Hy oor "Voorkennis" – Hy ken die einde van die begin af.
- Uitverkiesing = God kies dus die mens in-aggenome Sy voorkennis van ONS keuses/geloof. **Rom11:20**
- "...Voorbeskik het..." (predestination). Omdat Hy ons uitverkies het, het Hy ons ook voorbeskik as Sy kinders, om die ewige lewe en die hemel te beerwe ens..
- God se VOORKENNIS lei tot Sy vermoë tot UITVERKIESING wat beteken Hy kan ons VOORBESKIK...!!
- Ons kan dit nie verstaan as ons binne menslikke tydlyn dink nie. Ons moet eerstens besef God is buite tyd. Hy ken die einde van die begin af. Hy kan dus iemand uitverkies aan die begin, omdat Hy weet wat die persoon se keuse sal wees aan die einde !!
- **Rom 8:29-30** *Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.*

Ef 1:5 .....*Hy ons **voorbeskik** het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,*

- Ons word deel van God se familie deur wedergeboorte.
- Die ewige lewe is die belofte wat saammet die wedergeboorte kom. Die ewige lewe word ontvang sonder enige voorwaardes. Die ewige lewe egter is NIE ons erfdeel nie!!

- Ons erfdeel kom met die AANNEMINGS PROSSES – Rom 8:15-17 & Gal 4:1-7.
- Aanneming was 'n Romeinse praktyk en NIE 'n Joodse praktyk. Dit was dus met spesifieke verwysing na die heidene wat in God se familie ingeneem sal word.
- Die erfdeel kom dus met volwassenheid. Die rede waarom baie Christene nie die beloftes ontvang nie, is nie ons klein gelowigheid nie !!! – dis ons onvolwassenheid !!! (*Meer inligting hieroor in Lesing 12*)
- ***Met wedergeboorte ontvang ons die NATUUR van God – en met die aanneming ontvang ons die POSISIE as kind van God wat met die erfdeel te doen het.***

Ef 1:7 *In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,*

- "verlossing"
  - apolutrōsis - …**ransom in full…** (*Strong's Exhaustive Concordance by James Strong, S.T.D., LL.D., 1890*)
  - Soos ons ook leer in Kol 2:14 – Tetelestai – prys is ten volle betaal.
- "…*na die rykdom van sy genade*…" – God die vader se genade
  - God wou nog altyd mense sy kinders maak en EEN met hul wees, maar agv sonde was dit onmoontlik. God wou ons volmaak maak, maar 'n offer was nodig.
  - Jesus was die oplossing vir 'n probleem in die heelal en God se plan – God is steeds 'n God van geregtigheid – daar is straf vir sonde. Maar Jesus offer Homself

Ef 1: 8-9 *wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand, deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het,*

- "…verborgenheid…" –
  - mustērion - (to *shut* the mouth); a *secret* or "mystery" (through the idea of *silence…)* (*Strong's Exhaustive Concordance by James Strong, S.T.D., LL.D., 1890*)
  - die heidene ook Sy genade sou ontvang – mede erfgename en kinders van God.
  - en dat Christus in die gelowige sou leef. Kol 1:26-27 & Gal 2:20 en ander

Ef 1:10 *om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig—*

KJV: *That in the dispensation of the fulness of times…"*

- "tye" beteken: 'n seisoen of segment van tyd. Dispensasies was bepsreek in lesing 17
- Om alles te verening – onder een hoof. Absolute vereniging.
- Geen menslike heerskapy in kerk – slegs bedieninge, Jesus is die Hoof

Ef 1:11 *in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,*

- As erfgename, is daar 2 dele van "Erf" wat ons moet verstaan:
  - Ons erf die ewige lewe en "Kindskap" as onvoorwaardelik – Gal 4:7
    - In Luk 15:24 lees ons van die welbekende "Verlore Seun". Hy het sy erfdeel (materiele porsie, dit wat hy ontvang agv die feit dat hy kind is…) verloor, maar hy het NOOIT sy "kindskap" verloor nie !!
  - Dan erf ons wel dinge wat verloor kan word (wat bogenoemde uitsluit!!)
    - Kol 3:23-24 ontvang die gelowiges "as vergelding", m.a.w. 'n beloning vir jou werke.
    - Heb 6:12 praat ook van 'n erfdeel wat ontvang is deur gehoorsaamheid en lankmoedigheid. Dit is dus NIE die erfdeel van die ewige lewe wat ontvang is met wedergeboorte nie!!
    - Dit is dus iets wat ontvang kan word, iets wat uitgesit is vir jou, maar jy kan dit verloor, maar jy bly kind van God en gaan hemel toe. Die beste voorbeeld is Moses, wat nie die beloofde land in gegaan het nie.
    - 1 Kor 3:13 – die oordeel van die Heiliges. Werke sal getoets word.

Ef 1:*13* *in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,*

- Ons redding is GEWAARBORG
- Baie Christene het nodig om dit nog te hoor. Ons word baie bang gepraat met hoe volmaak ons moet leef om te probeer om hemel toe te gaan
- Ons gaan nie eendag as 'n verassing uitvind of ons ook kan hemel toe gaan nie – ons kan dit WEET
- Ek sluit natuurlik hier mense uit wat God later in hul lewe verwerp!

Ef 1:14 *wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid.*

- "onderpand" – soos 'n deposito (a down payment) – 'n waarborg
- "...tot lof van sy heerlikheid." – Ons verlossing is tot God se lof – want Hy verlos ons.
- Als is UIT God, DEUR God en TOT God. Ons betrokkenheid is slegs om te GLO, en God doen die res – so die werk om ons te red, verlos, kind te maak, te verenig met Hom ens. Ens. Is God-volmaakte werk.

- Seëninge van die Vader v. 1-6
- Seëninge van die Seun v. 7-12
- Seëninge van die Heilige Gees v. 13-14

HOOFSTUK 2 – ONS POSISIE IN CHRISTUS

Ef 2: 4-5 *Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus*

- ONGERED = DOOD
- Die mens word eers lewendig wanneer Hy verlos/gered word deur Christus
- Sien ook **Joh 3:16** – God het ons REEDS lief gehad toe ons nog sondaars was....
- Maar hierdie argument het deesdae gewild geraak onder die vals kerke om te redeneer dat God almal liefhet en dus sal almal op die einde van tyd wel gered word.
- .... maar let op .... ons word lewend slegs met Christus, ***daar is geen lewe buite Christus***.

Ef 2:8-9 *Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.*

- Ons verlossing kom VOOR ons werke. Ons word gered deur ons geloof en Christus se werk (aan die kruis) – Gal 2:21

Ef 2:10 *Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus **tot** goeie werke wat God voorberei het, **sodat** ons daarin kan wandel.*

- Sy Maaksel = Workmanship. Word net een ander plek in die Nuwe Tetstament gevind; Rom 1:20, met verwysing na die skepping wat God gemaak het.
- Ons is deur Hom GEMAAK, ons is nie 'n toevallige uitkoms, 'n produk van evolusie nie !!!
- "...***tot*** goeie werke...***sodat***....."
  - Ons "werke" VOLG ons redding sodat ons in ons erfdeel kan belê, nie om gered te word of God se genade en liefde te verdien nie.

Ef 2:15 *deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep*

- Die wet is tot 'n einde gebring – en so die vyandskap tussen Jood en Heiden
- 'n persoon verloor sy nasionale identiteit (etniese groep, kultuur, ras) wanner hy/sy tot wedergeboorte kom – ons word burgers van die hemele, nuwe skepsels.

Ef 2:18 *want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.*

- Weereens praat Paulus van 'n Drie-Enige God.
- Sommige vind dit moeilik om te verstaan of God 3 persone is of EEN persoon in 3 rolle...

- Die vers verduidelik mooi dat God 3 persone is, in volmaakte eenheid. God is nie net een God in 3 rolle nie, maar 3 persone; - "deur" die een "tot" die ander!!

Ef 2:20-22 *gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.*

- Die perfekte verduideliking van die "KERK"
- Die apostels en die (kerk)profete het die evangelie verkondig waarop die kerk gebou is
- Christus is die hoeksteen, wat die mure en fondasie stut en in plek hou
- En die kerk, as verenigde liggaam van Christus, is WAAR God VANDAG WOON, nie meer in geboue, kerke, tempels nie.
- Die kerk is as sulks 'n organisme, dit leef en dit huisves God !!
- 7x word daar genoem in die Nuwe Testament dat ons die "Tempel van God" is.

Ons posisie IN CHRISTUS is in hemelse plekke – ons moet ontslae raak van ons ou-mens en ons "sonde bewuste kultuur" en soos hemel-burgers begin leef.

HOOFSTUK 3 – DIE VERBORGENHEID VAN CHRISTUS

 # Die idee van 'n verborgenheid/geheim/mystery in die Bybel is vir baie mense onaanvaarbaar, of selfs soos 'n dwaalleer. Tog is Paulus se briewe vol van hierdie opmerking. Daar is 'n geheim wat God vir homself gehou het deur al die eeue heen, maar NOU (en dan bedoel ek in Paulus se tyd reeds...) aan die kerk bekend maak, want die geheimenis het met die kerk ALLEEN te doen.

Die woord "***verborgenheid***" kom as volg voor net in Paulus se briewe:.....

- 2x Romeine
- 2x 1 Korintiërs
- 6x Efesiërs
- 4x Kolossense
- 1x 2 Tessalonisense
- 2x 1 Timoteus
  - Ons word geleer van verskeie verborgenhede, maar ALMAL is IN CHRISTUS te vinde. Deur Christus se offer het verskeie DELE van God se plan in werking gekom, daarom lees ons van verskillende verborgenhede – maar almal dele van God se plan met die mens – wat in die kerk era vervul word.

Ef 3:3-6 *dat Hy aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het; waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan, wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees, naamlik dat die heidene mede-erfgename is **en** medelede van die liggaam **en** mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie*

- In die Ou Testament reeds was daar profeteer dat die heidene God se genade sal ontvang, maar die Jode het nooit geweet dat hulle OP GELYKE VLAK hanteer sal word as mede-erfgename, kinders van God en dat hulle als SAAM sal erf wat die Jode erf nie. die idee van die "liggaam van Christus" is natuurlik ook nuut, en die feit dat Jood en Heinen in een liggaam verenig sal word.

Ef 3:9-10 *en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus, sodat nou **deur** die gemeente **aan** die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,*

- God se plan en wysheid word selfs aan engele bekend gemaak – deur die kerk
- Dan kan ons onsself soms afvra: "hoe lyk die kerk"? Is die kerk nog besig met God se plan of Mens se godsdienstigheid?

DEEL 2

- *Die eerste 3 hoofstukke hanteer die hemelse boodskap, die werk van Christus en hoe dit die mens verander het voor God – DIE DINGE VAN DIE HEMELE*
- *Die volgende 3 hoofstukke hanteer HOE die gelowige en die kerk hierop moet reageer - ONS LEWE HIER OP AARDE.*

Die opdragte van hierdie brief is AAN DIE GELOWIGE – Geen evangelisasie van die ongelowiges nie !!

ONS RYKDOM IN CHRISTUS - Hoofstuk 1-3	ONS WANDEL IN CHRISTUS - Hoofstuk 4-6
Geroep deur Genade – Hoofstuk 1	Wandel waardig 4:1-6
Opgewek uit die dood 2:1-10	Lê af die slegte, wandel in reinheid 4:17 – 5:17
Herenig met God 2:11-22	Wandel in vrede 5:18 – 6:9
Christus oorwin Satan Hoofstuk 3	Wandel in oorwinning 6:10-24

Ef.4:4 *Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een <u>hoop van julle roeping</u>;*

- Wat is hierdie "hoop van ons roeping"?
- **Tit 2:13** terwyl ons die <u>salige hoop en die verskyning</u> van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, +

Ef.4:5 *een Here, een geloof een doop,*

- 2 gelowiges wat dieselfde Here dien – BEHOORT volgens die Woord, in eenheid te wees !!
- Wat die gelowiges bind is suiwer/gesonde doktrine
- Die kerk vader Augustine het hierdie gesedgde gehad:
  - In essentials – doctrine; In non-essentials – liberty; and in all things love...
  - M.a.w. – in die belangrike Bybelse waarhede moet ons gebind word in bybel doktrine/leringe/beginsels; bv. Die boodskap van die kruis, opstanding, heiligheid, liefde ens..
  - ... maar in onbelangrike aspekte – vryheid in Christus; bv. Watter vleis om te eet, hoe om samekomste te hou, aspekte soos dans ens. – daar is vryheid in Christus, laat elkeen doen soos hy goedvind.
    - **1 Kor 6:12** Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie.
    - **1 Kor 10:23** Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar nie alles stig nie.

Ef.4: 8-9 *Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die <u>gevangenes gevange geneem</u> en gawes aan die mense gegee. Maar dít: Hy het opgevaar—wat beteken dit anders as dat <u>Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde</u>?*

- Ons lees van so 'n profesie reeds in **Psa 68:18** *U het opgeklim na die hoogte, U het gevangenes weggevoer, U het geskenke geneem onder die mense; ja, ook wederstrewiges om daar te woon, o HERE God!*
- In **Luk 16:22-31** lees ons die verhaal van die ryk man en Lasarus. Hiedie verhaal teken 'n prentjie van die doderyk (voor die Kruis). Dit het bestaan in 2 duidelike dele, maar verwyder van mekaar en baie verskillend in natuur. Daar was die hel (nie die vuurpoel van die hel van Openbaring nie), genoem Hades in Grieks en Sheol in Hebreeus. Die ander deel was die Paradys.
- **Vervolgens wil ek slegs Bybel verse gebruik om vir u 'n prentjie te skep van wat gebeur het "agter die skerms"**
  - **Mat 12:40** *Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, <u>só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees</u>.*
  - **Hos 13:14** *<u>Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop</u>, Ek sal hulle verlos van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf? Berou bly vir my oë verborge*.

- **Kol 2:14-15** *en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.*
- **Mat 27:52-53** *en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan. En ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn.*
- **2 Kor 5:8** *Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon.*
- **Fil. 1:23** *Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;*
- **Heb 12:22-24** *Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, ...*
- **In opsomming**:
  - In die Ou Testament het die verlorenes, goddeloses na die hel gegaan (Hades) en die regverdiges na die Paradys waar Abraham die hoof posisie beklee het. Dit sluit in ALLE mense vanaf Abel tot en met die misdadiger aan die kruis.
  - Jesus het egter in die doderyk in gegaan, Sy oorwinning oor die vyand, die dood en die doderyk aangekondig en die mense in die paradys losgekoop met sy bloed – die "gevangenis"
  - Hy het hulle gevange geneem, uit die doderyk uit geneem en die Paradys na die Hemel geneem as die eerstelinge van die oes.
  - Na die kruis lees ons duidelik daarvan dat geredde mense direk na die hemel gaan – daar waar God en Jesus en die hemelse Jerusalem is.

Ef.4:11-12 *Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,*

- Die heiliges moet die werk doen van mekaar bemoedig, stig, vermaan ens.. Die herders en leraars het NIE die uitsluitlikke plig hiertoe nie.

Ef.4:14-15 *sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,*

- Waarheid sonder liefde is eenvoudig brutaal en skend mense
- Waarheid MET liefde Stig

Ef.4:16 *uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.*

Ef.4:17 *Dit sê en betuig ek dan (therefor...) in die Here, dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie—*

- Paulus leer ons die vorige verse SODAT die liggaam van Christus nie soos die wêreld moet lyk nie
- As ons nie die vorige opdragte uitvoer nie, lyk gemeentes nes die wêreld !!

Ef.4:22-24 *dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.*

- Hierdie 3 verse is 'n opsomming van Rom 5 tot Rom 8

Lees verse 25-32

Ef.5:1 *Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders;*

- Navolgers = imitator = "om te wees soos..."

Ef.5:23-26 *Want die man is die hoof van die vrou, **soos** Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar **soos** die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, **soos** Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,*

- **Joh 15:3** Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het.
- **Joh 17:17** Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

Ef.5:27-31 ***sodat*** *Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.* ***So*** *behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit,* ***net soos*** *die Here die gemeente. Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.* ***Daarom*** *moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word.*

Ef.5:32 *Hierdie **verborgenheid** is groot, maar ek sê dit **met die oog op** Christus en die gemeente.*

- Die basis vir 'n huwelik is...
  - Biologies = voortplanting, om kinders te verwek
  - Fisies = eenheid wat die vermoe versterk om die uitdagings van die lewe te oorkom, eensaamheid te breek, bystand in swaar tye ens.
  - Sosiologies = dit skep 'n samelewing-struktuur – gesin/gemeenskap/sameleweing
  - Geestelike = die Godellikke eenheid waardeur God Sy waarhede wil uitdruk. Die huwelik tussen die man en die vrou is soos die huwelik tussen die kerk en Jesus.
    - Christus is die hoof
    - Hy het sy kerk intiem lief – die kerk is die voorwerp van sy liefde.
    - Hy versorg en beskerm sy kerk
    - Hy gee Sy lewe vir sy kerk
    - **Rom 5:14** – Jesus is die laaste Adam. Adam was nie verlei nie – **1 Tim 2:14**. Adam het sy vrou so lief gehad dat hy self sy lot gekies het – om by haar te wees. Jesus was sonde gemaak vir ons 2 Kor 5:21. Op die kruis moes die Vader hom verlaat agv hierdie feit. Die enigste maal in die Bybel wat Jesus Hom "My God" noem en nie vader nie – Jesus was verwyder van die Vader

Ef.5:33 *In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig.*

- Slegs 2 reels vir 'n suksesvolle huwelik – 1 vir elk !!
- Man moet sy vrou liefhê
- Die vrou moet aan haar man onderdanig wees

GEESTELIKE OORLOGVOERING

Duiwel word genoem:-

- **Joh 12:31** – "*owerste van hierdie wêreld*" – in KJV – "*Prince*..."
- **Ef 2:2** – "*owerste van die mag van die lug*" – in KJV – "*Prince*..."
- **Ef 6:12** - hoof van die "*wêreldheersers van die duisternis*"
- **2 Kor 4:4** –"*god van hierdie wêreld*"

Ef.6:11 *Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.*

- Die eerste punt wat ons moet besef is..... DIS NIE ONS WAPENUITRUSTING NIE !!!

- Ons kannie onsself toerus nie, ons word toegerus met dit wat God ons gee. As ons nie op ons verhouding met God fokus nie – dan trek mense hul eie wapenuitrusting aan, wat natuurlik net godsdienstige "verbeeldingryke" wapenuitrusting is – GOD is die middelpunt van ons oorlogvoering !!!!!!!!!!!!!!!!!!!
- **Jak 4:7** ***Onderwerp julle dan aan God***; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Ef.6:12 *Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.*

- Ons moet sien/verstaan dat agter alles wat sleg/verkeerd/goddelloos/ongeregtig ens is, is a.g.v. die invloed van die duiwel wat agter dit sit.
- Ons fokus gewoonlik op die persoon, regering, bestuurder, maatskappy ens. Maar hulle almal is maar net in die mag van die bose, dus is die stryd teen die persoon wat agter dit als sit - DUIWEL

Ef.6:13 *Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied <u>in die dag</u> van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.*

- Interressant genoeg praat Paulus hier "...'n dag..."
- Die duiwel se strategie is nie om ons elke dag met dieselfde hoeveelheid weerstand aan te val nie. hy bou gewoonlik op na 'n hoogtepunt. Hy wag tot ons op ons swak oomblik is, of nie meer notisie neem van die aanvaller nie, dan loots hy sy volle aanval.
- Daar kom sekere dae in ons lewe wat ons spreekwoordelik na verwys "as die hel losbreek". Alles loop eenvoudig verkeerd en dis te veel om te hanteer.
- Die periode voorafgaande, moes ons alreeds reg gewees het met die wapenuitrusting om op DAARDIE DAG van aanval lootsing – reg te wees en weerstand te bied.

Ef.6:14 *Staan dan vas, julle lendene met die **waarheid** omgord, met die borswapen van die **geregtigheid** aan,*

- Waarheid is:- "Wanneer die woord en die daad een word" (*Check Missler)*

Ef.6:15-18 *en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die **evangelie** van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die **geloof** op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van **verlossing** en die swaard van die Gees—dit is die **woord** van God— terwyl julle met alle **gebed** en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges*

- 'n groot leun wat die kerk wêreld infiltreer het is die nosie dat ons in die oggend in gebed die wapenuitrusting moet aansit vir die dag.
- Die leun is dat dit een keer in gebed gedoen word, en dis 'n gedane saak vir die res van die dag – tog is die wapernuitrusting NIE iets wat in geloof net aangetrek word nie – DIS IETS WAARIN ONS WANDEL !!
- Kyk na elkeen hier bo, ons moet hierin WANDEL en BEOEFEN en dan is gebed in vers 18 deel van (*die 7de*) wapenuitrusting element !!

Ef. 6:19 *en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met <u>vrymoedigheid</u> die <u>verborgenheid van die evangelie</u> bekend te maak,*

- Weereens maak Paulus dit duidelik dat die <u>BOODSKAP WAT HY VERKONDIG</u> – is die ***verborgenheid van die evangelie*** – nie net die eerste beginsels nie !!!
- Soos **Rom 16:25** *volgens my evangelie en die **prediking** van Jesus Christus, **ooreenkomstig** die openbaring van die **verborgenheid** wat eeue lank verswyg is...*
- <u>Hier lê hy 'n streng kriteria van dit wat ons moet preek</u>

Ef.6:24 *Die <u>genade sy met almal</u> wat onse Here Jesus Christus in onverganklikheid liefhet! Amen.*

- Geen van die ander brief skrywers in die Nuwe Testament sluit ooit so af nie.
- AL Paulus se briewe word met hierdie "Genade" wens afgesluit – ook so die boek (*brief*) <u>Hebreërs</u>